Verwysing: 20200526-6249
Lêerno.: 12/2/13/5
Navrae: Direkteur AOO en Direkteur VOO

Omsend brief: 0014/2020
Vervaldatum: 31 December 2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van primêre en sekondêre skole

Onderwerp: Vrystelling van die hersiene jaarlikse onderrig- en assesseringsplanne

1. Skole is vanaf Woensdag, 18 Maart 2020 gesluit toe president Ramaphosa COVID-19 as 'n nasionale ramptoestand op 15 Maart 2020 verklaar het. Dit het 'n ernstige impak op onderrigtyd gehad, omdat baie skooldae verlore gegaan het.

2. Hoewel die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) ondersteuning gebied het, is dit nie duidelik hoeveel leerders met hul leerprogramme voortgegaan het nie. Dit is bemoeilik deur die realiteit dat baie leerders dit moeilik of onmoontlik gevind het om toegang tot die ondersteuning, wat deur die WKOD en die Departement van Basiese Onderwys (DBO) gebied is, te verkry.

3. Om die impak van die COVID-19-inperking te verminder, werk die DBO saam met provinsiale onderwysdepartemente en ander belangrike belanghebbendes om die kurrikulum aan te pas om te verseker dat leerders in elke graad blootgestel word aan kernvakvaardighede, kennis, houdings en waardes wat in die hersiene skoolkalenderjaar behandel kan word.

4. Die kerndoelwitte van die aangepaste kurrikulum en die beginsels waarop die snoei en herorganisering van die kurrikulum gebaseer is, word in die DBO Omsendbrief Nr. S2/2020 (kyk **Bylae A**) uiteengesit.

5. Die vakdokumente, insluitende die hersiene inhoudsoorsigdokumente en hersiene jaarlikse onderrigplanne kan via die volgende skakel verkry word: https://wcedeportal.co.za/eresource/109951 (**Bylae B**).

6. Hierdie dokumente is hoofsaaklik vir graad 7 en 12. Die dokumente vir die ander grade sal geleidelik in die komende weke vrygestel word. Die Afrikaanse weergawe van die dokumente sal op ons e-Portaal gelaai en gedeel word sodra dit gefinaliseer is.

7. Wat skoolgebaseerde assessering (SGA) betref, sal daar 'n vermindering in summatiewe assessering wees met 'n groter klem op assessering met 'n formatiewe doel. Besonderhede oor die aantal SGA-take per graad sal binnekort gekommunikeer word. Onderwysers sal ondersteuning met die implementering van die aangepaste kurrikulum van die Senior Kurrikulumbeplanners by Hoofkantoor asook van Vakadviseurs in distrikte ontvang.

8. Prinsipale word versoek om hierdie dokumente so spoedig moontlik met alle onderwysers te deel sodat hulle, met behulp van die aangepaste kurrikulum, aan hul beplanning kan werk.

9. Ek het groot waardering vir die harde werk van ons onderwysers oor die afgelope weke. Baie dankie daarvoor. Die moeilike tyd wat ons nou binnegaan sal aanpassings en buigsaamheid van ons verg. Sterkte daarmee.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-05-26